



## *Gedigte / Poems*

---

### **Olifant**

*Loxodonta africana*

“Kom ons laat die olifante met rus,”  
stel sy voor ná die soveelste verwyd.  
“Daaroor en oor die dood van Diana  
het in gesprekke te veel bloed gevloei.  
Ek het al gesien hoe olifante  
bome en struik breek en hooghartig  
oor die Wildtuin se paaie voortdrentel  
sonder om ’n enkele blaar te vreet.  
Laat die jagters maar onder hulle maai!  
Jammer om te sê,” gaffel sy na my,  
“maar waarom moet hulle grootkop kry  
en doen net wat hulle wil? Vergeet jy  
al die mooi plante wat hulle verniel?  
’n Mansmens wat soos ’n paparazzo  
halflyf by sy venster uitgehang het  
toe ek na die soveelste trop moes staar,  
het byna in my motor vasgery.  
Waarom olifante se lof trompet?”

**Johann Lodewyk Marais**

### **Blouwildebees**

*Connocheetes taurinus*

Die wildebees van die Masai Mara  
met sy donker maanhare, vuilwit baard  
en krom horings kry die snuf in die neus  
en lig sy kop van die polle af op.  
Oral op die gras van die savanne  
is ’n verposing en ’n afwagting,  
en word die vreet en herkou onderbreek  
asof daar nou tog iets in die weer is.

Vir oulaas laat hy sy kop vinnig sak:  
hy hoor ’n ander klank in die gebulk.





358

Dan volg hy tree vir tree die dun rye  
op die horingou migrasieroete  
deur die Mararivier – waar gapende  
kake van stroewe krokodille wag,  
hap, pluk en skeur – tot ver anderkant uit  
waar hy 'n afspraak het met dié seisoen  
op die groen weivelde en blink waters  
van die uitgestrekte Serengeti.

Maar kort voor lank gaan hy getrou weer terug:  
hier is voorwaar diep geloof in die lug.

**Johann Lodewyk Marais**

## **Buffel**

*Syncerus caffer*

Wat ek so bitter graag van jou wil weet,  
is hoe jy buite my gesigsveld loop  
in die snygras van die ruie bos  
tussen mopanies en maroelas deur  
na die uiteinde van die middag toe.  
En as die maan hoog bo die boomtoppe  
op jou blinkswart vel skyn, hoe is dit dan?  
Hoe voel dit as jy in die groot nag staan,  
alleen, met 'n skynsel op jou horings?  
Weet jy dán van meer as dié bot bestaan?

*Vir D.J. Opperman*

**Johann Lodewyk Marais**

